**Lees** **Ef 2:14** **Deel 3 "Christus is ons VREDE!"** **Maan. 7 Sept. 2020**

**Sing Ps 34:6** Berymd Totius: "Kom kinders, hoor na my!…en jaag **die vrede** na."

**Gal 5:22,23** "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, **VREDE**, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,nederigheid en selfbeheersing."

**Werlike vrede is…,** die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan. **Fil 4:7**.
Wat is hierdie vrede? Die Here leer ons wat vrede is: **Ef 2:14** "Christus is ons **vrede**,…" As ons sê dat Christus is ons vrede, dan besef of bely ons dat ons in werklike harmonie kan en moet leef. Harmonie met God, met Jesus Christus, deur die Heilige Gees. Werklike innerlike vrede met God, met onsself, met ons medemens en met die wêreld. Dit is God wat vrede gee en by ons almal wat glo is. (Rom 15:33)

**Dit is eers as 'n mens vrede verstaan en ervaar dat jy dit kan beleef.** Vrede is nie net die afwesigheid van oorlog en stryd nie. Vrede is nie dat alles rondom jou klopdisselboom moet gaan nie. Vrede beteken nie dat ons nooit swaarkry nie. Indeendeel, die Skrif leer ons dat swaarkry ons deel sal wees op aarde. "Swaarkry kweek volharding, egtheid van geloof en hoop."

Om werklike vrede te verstaan moet ons eers onsself en die wêreld verstaan. Ons moet verstaan dat ons 'n stryd in onsself het. Ons stryd is teen die duiwel, ons eie sondige begeertes en teen die wêreldse verleiding elke dag. Satan loop rond soos 'n brullende leeu en Satan soek onvrede, disharmonie en stryd. Dit moet ons verstaan. Ons verwoord dit in die beryming van Totius,

**Ps 33-1:3**

Wie die Midd'laar se verskyning, inwag uit die heiligdom, soek van harte die verreining
wat daar uit sy sterwe kom. Teen die sonde duur die stryd: "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, is tot heilig-wees verkore!

**Maar die lig breek deur. Jesus Christus is ons Vrede.** Jesus Christus is die Oorwinaar. Jesus Christus het vir al ons sondes betaal. Jesus Christus is ons Vrede. Deur Hom kan niks en niemand ons van die Liefde van God skei nie. Hy het aan die kruis betaal vir al ons sondes. Deur Hom het daar verlossing en vrede gekom vir ons. Al kla my gewete my elke dag aan, al dink ek, ek is nie goed genoeg vir God nie, al weet ek, ek sondig elke dag, ek weet dat ek 'n kind van God is, deur Jesus Christus. Deur Jesus Christus se versoeningswerk het daar vrede gekom tussen my en God, met myself en my medemens. Ek weet ek is meer as 'n oorwinnaar. My erefnis is vas en seker.

**En nou bring die Heilige Gees hierdie vrede tot praktiese werking in my lewe.** Die Heilige Gees leer my om tevrede te wees. By die vergadering in Jerusalem, die eerste Sinode, Hand 15, het die Heilige Gees op die gelowiges neergedaal en hulle het besluit dat nie-Jode wat tot bekering gekom het, nie besny hoef te word nie. Dan lees ons in Hand 11:18: "Toe die gelowiges dit hoor, was hulle tevrede." Maar ons lees ook in 1 Tim 6:6,8 " 6 Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, 8 As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees." Vrede met God, harmonie met God, bring tevredenheid in dit wat God aan jou gee. Tevredenheid met kos en klere. Nie 'n gejaag na rykdom en eer en mag en aansien nie, maar 'n tevredenheid met God. "Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." **Fil 4:7**

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)